

Hepatitis B - Immuniseer Nou



Meer mense sterf aan Hepatitis B, of Geelsug soos dit in die volksmond bekend staan, as aan AIDS. Hepatitis B is verantwoordelik vir omtrent 80% van alle lewer kankers en vir meer gevalle van lewer verharding as alkohol.

Een uit elke ses persone in die wêreld is met die siekte besmet, en ongeveer 300 miljoen mense is draers van die siekte. Die Hepatitis B virus is ongeneesbaar, alhoewel die liggaam ontslae kan raak van die infeksie.

Die siekte word oorgedra deur ligaamsvloeistowwe (net soos AIDS), hoofsaaklik deur seksuele aktiwiteit, besoedelde bloed, naelstring oordraging vanaf moeder na ongebore baba, en ook deur velwonde. Velwonde is die hooforsaak van oordraging by kinders.


Ongeveer `n derde van al die mense wat met Hepatitis B besmet is ontwikkel chroniese simptome. Na die akute fase van die siekte verby is, kan die slagoffers draers van die siekte word. Diegene hoef nie noodwendig enige simptome van die siekte te toon nie, en afgesien van moontlike progressiewe lewer beskadiging, word hulle deel van die 300 miljoen draers wat die siekte versprei van een generasie na die volgende.

Immunisering teen Hepatitis B is al beskikbaar vir `n geruime tyd. Maar omdat die entstof verkry word van die bloed van `n draer van die virus, kon dit net in klein hoeveelhede vervaardig word, en daarom was dit baie duur.

Genetiese ingenieurswese het dit onlangs moontlik gemaak om groter hoeveelhede entstof te vervaardig teen `n laer prys van sowat R12 per kursus. Indien die nuwe entstof wêreldwyd begin gebruik word deur middel van kinder immunisering programme, kan die koste so laag daal as R6 per kursus.

Immunisering teen Hepatitis B is veral belangrik vir kinders. Kinders staan `n groter kans as grootmense om simptomatiese Hepatitis B te ontwikkel. Boonop is kinders meer geneig om lewerkanker te ontwikkel as gevolg van die siekte. Verder word kinders makliker draers van die siekte as grootmense.

Kind-tot-kind infeksie, wat gedurende speel kan gebeur soos die aanraking van velwonde,



brandsiekte, jeuksiekte of skurfsiekte, snywonde of ontsteekte insekbyte, is die hooforsaak van Geelsug gedurende kinderjare.

Die Wêreld Gesondheid Organisasie (WHO) het aanbeveel dat Hepatitis B entstof ingesluit moet word in all Kinder Immunisering Programme aangesien die prys van die entstof besig is om te daal en meer mense dit nou sal kan bekostig. Omdat Hepatitis B `n groot oorsaak is van lewerkanker is die nuwe geneties ontwerpde entstof in werklikheid die eerste entstof vir kanker immunisering.

(Inligting vir die artikel is verkry van Unicef se Toestand van die Wêreld se Kinders, 1992)